

# RAAD AAN GRAAD 12 LEERDERS OM NEW ERA REKENINGKUNDE EKSAMENVRAESTELLE AS 'N LEERERVARING TE GEBRUIK

1. Poog om die vrae in die voorgestelde tydstoedeling soos in die vraestel aangedui, te gebruik. Gebruik 'n stophorlosie. Jy mag net jou handboek of notas gebruik as dit absoluut noodsaaklik is. Jy kan ook gratis video's by die New Era Resources aflaai: [www.newerapublishers.co.za/#](http://www.newerapublishers.co.za/#).



2. Moenie na die Nasienriglyn kyk voordat jy nie elke vraag voltooi het nie. Jy sal meer effektief leer as jy deur elke vraag worstel en die antwoorde self probeer kry.



3. Wanneer jy die Nasienriglyn gebruik, plaas jouself in jou onderwyser/NSS-merker se posisie. Merk jou vrae dienooreenkomstig, let op die akkuraatheidspunte aangedui deur ✓ en die metodepunte aangedui deur ☑, wat verdien kan word. Let daarop dat metodepunte nie verdien word vir sommer enige bedrag nie. Jy moet die korrekte wiskundige bewerking toepas en die antwoord in die volgende formaat gee: rand, sent, % of as 'n verhouding.



4. Jy is veronderstel om nou al die vrae in vraestel 1 te voltooi aangesien jy reeds daarin onderrig is van die begin van die akademiese jaar af.



5. In vraestel 2 sal jy vind dat jy net sekere spesifieke vrae kan doen wat op graad 11-werk gebaseer is bv. Versoenings, Vervaardiging, Begroting, Etiek en Interne Kontrole. Jy sal eers later in die jaar onderrig in voorraadwaardasie ontvang – jy kan dus verkies om daardie vraag later in die jaar te doen.



6. Alhoewel die eksamenregulasies voorsiening maak vir 'n formuleblad vir finansiële aanwysers, stel ons voor dat jy nie afhanklik daarvan is nie. Jou insig in hierdie aanwysers sal spruit uit die verstaan en *logika* van elke aanwyser. Dit sal jou help om maklik relevante data te kry en om toepaslike antwoorde en kommentaar by elke aanwyser te lewer.



7. As jy alles wat jy kan in hierdie twee vraestelle gedoen het, stel ons voor dat jy afskrifte van die vraestelle en van jou antwoorde hou. Indien jy voorberei vir jou voorbereidende eksamen in die derde kwartaal, stel ons voor dat jy weer hierdie New Era-vraestelle uitwerk, hierdie keer sonder enige verwysende materiaal. Nadat jy dit met jou aanvanklike antwoorde vergelyk het, behoort jy 'n goeie verbetering te sien.



New Era Kantoor: 031-2632201 E-pos: [newgen@netactive.co.za](mailto:newgen@netactive.co.za)

New Era Opleiding & Studiegidse: 083-9600015 van [dwoodroffe@telkomsa.net](mailto:dwoodroffe@telkomsa.net)

Webwerf: [www.newerapublishers.co.za](http://www.newerapublishers.co.za)

## New Era Rekeningkunde Studiegidse vir Graad 10, 11 & 12

Om te bestel gaan aanlyn na:

[www.newerapublishers.co.za/product-category/accounting/](http://www.newerapublishers.co.za/product-category/accounting/)